

Liewe ouers

Hierdie week is slegs hersiening van die leesstukke wat die leerders alreeds geoefen het. Aan die einde van elke leesstuk is daar 3 begripsvrae wat hulle in volsinne moet beantwoord, slegs mondelings.

U kind moet asb. die leesstuk vir die dag meer as een keer lees om sodoende leesvlotheid te verbeter.

UITDAGING:



Elke keer wat u kind die leesstuk lees kan u 'n stophorlosie gebruik om te kyk hoe lank dit u kind neem om die leesstuk te lees. Sodoende kan u sien of u kind se leesspoed verbeter en dit motiveer ook die leerders om dit elke keer “beter” te doen.

Lekker lees, maats!



Leesstuk I: Flappie

Dit is Flappie. Hy hardloop op en af. Flappie blaf vir die perd by die boom. Hy sien die kinders wat speel in die sand. Flappie loop na die water toe. Hy swaai sy stert. Die kinders koop 'n roomys. Flappie loop weg. Die hond wil slaap. Hy gaan huis toe.



Beantwoord die volgende begripsvrae in volsinne, slegs mondelings:

1. Vir wie blaf Flappie?
2. Waarheen loop Flappie?
3. Wat het die kinders gaan koop?

Leesstuk 2: Vlooi

Vlooi sit op die swaai. Hy speel lekker saam met die kinders. Vlooi klim in die boom. Hy sien 'n kat. Flappie blaf vir die kat. Hy wil die kat vang. Vlooi is kwaad vir Flappie. Hy kry water by die huis. Vlooi speel in die sand met die water. Dit was 'n baie lekker dag!



Beantwoord die volgende begripsvrae in
volsinne, slegs mondelings:

1. Waar sit Vlooi en saam met wie speel hy?
2. Wat sien Vlooi toe hy in die boom klim?
3. Wat wil Flappie met die kat doen?

Leesstuk 3: Die kat



Die kat slaap op die mat. Flappie blaf hom. Die kat klim in die boom. Daar kan Flappie hom nie vang nie. Die kinders sien die kat in die boom. Hulle gaan huis toe en sê dit vir Mamma. Vlooi is kwaad en sê: “Kry die kat!”

Beantwoord die volgende begripsvrae in volsinne, slegs mondelings:

1. Waar slaap die kat?
2. Hoekom klim die kat in die boom?
3. Waarheen gaan die kinders en vir wie vertel hulle van die kat in die boom?

Leesstuk 4: Die perd



Die perd hardloop op die sand. Die kinders wil hom vang. Kalla spring op die perd se rug. Biebie en Vlooi lag vir hom. Die perd swaai sy stert en loop tot by die water. Kalla klim van die perd af. Almal hou van die perd. Die kinders gaan huis toe.

Beantwoord die volgende begripsvrae in volsinne, slegs mondelings:

1. Wat wil die kinders met die perd maak?
2. Hoekom lag Biebie en Vlooi vir Kalla?
3. Waar of onwaar?
 - Die kinders hou nie van die perd nie.

Leesstuk 5: Mamma

Mamma en die kinders wil loop. Hulle gaan kry vir Flappie. Die hond blaf en blaf. Mamma speel tog te lekker met almal in die parkie. Sy swaai die kinders. Hulle hardloop na die boom. Mamma en Flappie sit saam met die kinders onder die boom. Dit was 'n baie lekker dag.



Beantwoord die volgende begripsvrae in
volsinne, slegs mondelings:

1. Vir wie gaan haal hulle om saam met hulle te loop?
2. Waar speel Mamma, die kinders en Flappie?
3. Kies die regte antwoord: Hulle sit onder die...
 - (a) sambreel
 - (b) boom
 - (c) dak

Leesstuk 6: Wim en Wilma

Wim en Wilma gaan na Biebie en Kalla se huis toe. Die kinders gaan speel op die plaas. Hulle ry op 'n perd en speel in die boomhuis. Wim en Wilma sien 'n swaai. Wilma stamp vir Wim. Hulle baklei. Wim is kwaad vir Wilma. Die kinders moet weer huis toe gaan. "Totsiens, Biebie en Kalla", sê hulle.



Beantwoord die volgende begripsvrae in volsinne, slegs mondelings:

1. Waar het die kinders gaan speel?
2. Wat sien Wim en Wilma?
3. Hoeveel kinders was op die plaas?